**Notule** van die **1**ste Gewone Maandelikse vergadering van die
Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes

gehou in die *Raadsaal, Kerkstraat 15, Munisipale Kantore, Beaufort-Wes*

op **Dinsdag, 27 Januarie 2015**

om **10:00**

**TEENWOORDIG:**

**Raadslede** SM Motsoane [Speaker], G Adolph [Voltydse Raadslid], G de Vos, M Furmen, J Bostander, EAJ Beyers [Uitvoerende Onder-Burgemeester], GT Murray, AM Slabbert, DE Welgemoed, AD Willemse en R van der Linde

**Raadsheer** T Prince [Uitvoerende Burgemeester]

**Afwesig** Raadslid L Deyce

**In diens** Munisipale Bestuurder, Direkteur: Korporatiewe Dienste, Direkteur: Elektrotegniese Dienste, Direkteur: Ingenieursdienste, Finansiële Konsultant [D Hanekom], Wrnde. Direkteur: Gemeenskapsdienste [R Klink] en Komitee Beampte

Die Speaker versoek Raadslid AD Willemse om die vergadering op 'n gepaste wyse deur middel van gebed te open.

## 1. VERKIESING VAN WAARNEMENDE SPEAKER

**GEEN**

## 2. AANSOEKE VIR VERLOF VIR AFWESIGHEID

3/4/1

**BESLUIT**

Dat die volgende aansoeke om verlof, toegestaan word:

| | |
|---|---|
| Raadslid GT Murray | 4 - 7 Februarie 2015 |
| Raadslid GP Adolph | 28 – 29 Januarie 2015 |

## 3. GOEDKEURING VAN NOTULES –

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid GP Adolph stel voor dat die onderstaande notules soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word met die verstande dat Raadslid GT Murray op bladsy 20 as teenwoordig aangeteken word-

3.1 9de en 10de Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op Dinsdag, 09 Desember **2014 / Maandag, 15 Desember 2014**

3.2 9de en 10de Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Dinsdag, 09 Desember 2014 / Maandag, 15 Desember 2014** [Afsonderlike Notuleboek]

3.3 15de Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Maandag, 17 November 2014**

3.4 16de Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Dinsdag, 02 Desember 2014**

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**4. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER**
3/4/1

Die Speaker meld dat daar gesê was dat daar nie meer tydelike werkers in die Munisipaliteit is nie en dat sodaniges na die “Community Work Programme” verwys is. Voorts meld die Speaker dat hy weet nie of dit so gedoen is nie. Die Raadslede se kantore is nogsteeds ŉ probleem. Raadslid J Bostander en Raadslid AM Slabbert sukkel nogsteeds met kantore in hul onderskeie wyke. Voorts meld die Speaker dat dit wat die Burgemeester in sy vorige mededelings vermeld het tydens hierdie vergadering bekragtig is en daar uitvoering daaraan gegee moet word, dit is ŉ instruksie as dit goedgekeur/bekragtig is. As daar dan nou nie uitvoering gegee word aan die mededelings van die Speaker en Uitvoerende Burgemeester nie, dan moet verantwoordelike amptenare maar nou aangekla word.

Verdermeer deel die Speaker die vergadering mee dat daar huise in verskillende gebiede is, waar die kragbokse gebrand het en die bewoners in die donkerte sit. Die Speaker versoek dan die Uitvoerende Burgemeester dat daar nou in die begrotingsproses voorsiening gemaak word om hierdie tipe gevalle aan te spreek, veral in gevalle waar die bokse nie vanweë die bewoners se nalatigheid beskadig is nie.

Ek dank u.

**5. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**
3/4/1

Die Uitvoerende Burgemeester deel die vergadering mee dat hy nou net gekom het na die vergadering om die vergadering te respekteer, terwyl hy eintlik besig is om ŉ klas (kursus) by te woon by die Weegbrug. Voorts meld die Uitvoerende Burgemeester dat daar by van die buite betalingskantore aanstellings gemaak is en versoek dat die aanstellings eers gestaak word vir besprekings. Dat die Direkteure net weer ŉ “snapshot” gee van die “Red Flags” in hul onderskeie Departemente.

Voorts meld die Uitvoerende Burgemeester dat die kwessie van die aanstellings afgehandel moet word sodat die Raadslede kan weet met wie hulle werk. Laastens wens die Uitvoerende Burgemeester Raadslede teenwoordig ŉ voorspoedige vergadering toe.

Die Speaker verleen toestemming aan Raadsheer T Prince en die Wrnde Direkteur: Gemeenskapsdienste om die Raadsaal te verlaat synde 10:55.

## 6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS

**GEEN**

## 7. REPOT ON THE IMPLEMENTATION OF THE BUDGET AND FINANCIAL STATE OF AFFAIRS OF THE MUNICIPALITY – SECTION 52(D) AND SECTION 54 OF THE MFMA: 2ND QUARTER OF 2014/2015 FINANCIAL YEAR

**RESOLVED**

dkd

That the Report on the Implementation of the Budget and financial state of affairs of the Municipality – Section 52(d) and Section 54 of the MFMA for the 2nd Quarter of 2014/2015 Financial Year be approved.

## 8. DRINGENDE AANGELEENTHEDE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

### 8.1 LANGDIENSTOEKENNING

4/6/1/6

**KENNIS GENEEM**

### 8.2 EMPLOYEES: ACHIEVEMENT OF CERTIFICATES

SP

**RESOLVED**

bp
dkd That progress reports of employees whose studies / courses are being funded by Council be tabled to Council on a regular basis.

### 8.3 STRATEGIE VOORUITBETAALDE WATERMETERS: OPGRADERING VAN VOORUITBETAALDE WATERMETERSTELSEL: CASHFLOW

2/7/1

ba

Raadslid DE Welgemoed, gesekondeer deur Raadslid J Bostander stel voor dat goedkeuring verleen word vir die spoedige aktivering van die opgegradeerde vooruitbetaalde watermeterstelsel.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

### 8.4 AANSTELLING VAN 'COMMUNITY LIAISON OFFICERS (CLO'S) en KANTORE VIR PERMANENTE RAADSLEDE

3/2/3/1; 3/4/1

Op voorstel van Raadslid GP Adolph, gesekondeer deur Raadslid AD Willemse word eenparig:

**BESLUIT**

bp
dkd 8.4.1 Dat raadslede J Bostander, G de Vos en M Furmen 'n konsep dokument ten opsigte van wat die minimum kwalifikasies en pligtestaat asook die tydperk van indiensneming van die CLO's behoort te wees, saamstel en aan die Raad voorlê.

8.4.2 Dat die inligting soos vermeld in punt 8.4.1 as 'n totale nuwe item aan die Raad voorgelê word en die kwessie rakende watter Raadslede CLO's kan kry, as afgehandel beskou word.

**8.5 SKEDULE VAN VERGADERINGS: 2015**
3/4/1

**BESLUIT**

kk
dkd 8.5.1 Dat kennis geneem word van die skedule van vergaderings vir 2015 soos voorgelê aan die Speaker.

8.5.2 Dat die vergaderings van die Oorsigkomitee en die Munisipale Publieke Rekenpligtige Komitee ook op die skedule aangebring word.

**8.6 VACANCY MANAGER: CIVIL SERVICES: ING 86 – T16**
4/3/2

**RESOLVED**

bp
dkd 8.6.1 That the matter regarding the vacancy of Manager: Civil Services, Ing 86 be referred to a Special Council meeting that will be held on Monday, 2 February 2015.

8.6.2 That a copy of the Director: Engineering Services' job description be provided to Councillor M. Furmen to enable him to do an assessment regarding the alignment of the job description of the Director: Engineering Services to that of the proposed two (2) positions.

**8.7 AANSOEK OM BONUS: TYDELIKE PERSONEEL**
4/3/4

**BESLUIT**

bp

Raadslid M. Furmen, gesekondeer deur Raadslid R. Van der Linde stel voor dat gegewe die Raad se huidige finansiële posisie, die versoek om bonusse ontvang van die tydelike werkers nie op hierdie stadium toegestaan word nie.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.8 COUNCILLOR INDUCTION PROGRAMME PHASE 1 WORKSHOP**
4/4/4/2

**NOTED**

**8.9 ONGEKWALIFISEERDE OUDITMETING MET BEVINDING**
4/7/2/1

**KENNIS GENEEM**

**8.10 FINANCIAL TURNAROUND STRATEGY: ACTION PLAN**
5/1/2/1

**RESOLVED**

dkd

That the Financial Turnaround Action Plan be approved and accepted.

**8.11 UNAUTHORIZED EXPENDITURE: 2013/2014**
5/1/2/1; 5/1/3

**RESOLVED**

dkd

8.11.1 That the unauthorised expenditure for 2013/2014 financial year stipulated in Annexure 039 to 040 of the agenda, be approved.

8.11.2 That Council be provided of a breakdown of all unauthorised expenditure in future.

**8.12 MFMA: SECTION 66: EXPENDITURE ON STAFF BENEFITS**
5/1/2/4

**RESOLVED**

dkd

ba That the Section 66 of expenditure on Staff Benefits be approved.

**8.13 MFMA: SECTION 11(4): WITHDRAWALS FROM MUNICIPAL BANK ACCOUNTS**
5/1/2/4

**RESOLVED**

dkd

ba That the Section 11(4) on the Withdrawals from Municipal Bank Accounts be approved.

**8.14 ONE STOP CENTRE / CIVIC CENTRE FOR BEAUFORT WEST MUNICIPALITY: OFFICES**
5/1/2/4

**RESOLVED**

dkd

That this item be referred to a Special Council meeting which will be held on Monday, 2 February 2015.

**8.15 AANSOEK OM AFSKRYF VAN AGTERSTALLIGE SKULD**
5/10/5

**BESLUIT**

dkd

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering van 2 Februarie 2015 verwys word.

**8.16 LETTER OF APPRECIATION: DONATION/SPONSOR: MAYORAL DAY: LAINGSBURG MUNICIPALITY**
5/13/1

**NOTED**

**8.17 AANSOEK OM DONASIES: UNITING REFORMED CHURCH IN SOUTHERN AFRICA, JUBILEE VOICES MANNEKOOR VAN VGK, BEAUFORT-WES, SONSTRAALJTIE KLEUTERSKOOL, DANCE DIMENSIONS EN MARTIN FORTUIN NAMENS NADIA FORTUIN**
5/13/1

**BESLUIT**

dkd

8.17.1 Dat die Raad kennis neem van die aansoeke om donasies waarvan die spertye waarvoor die verskeie donasies aangevra is, reeds verby is.

8.17.2 Dat aansoeke om donasies in die toekoms voortaan na die Uitvoerende Burgemeester verwys word en indien daar nie beskikbare fondse in die Uitvoerende Burgemeester se diskresionêre fonds is nie, sodanige aansoeke na die volle Raad verwys word.

**8.18 DAGVAARDING: VAN WYKSTRAAT 20: MNR. J WILDESKUT**
5/14/1; 5/10/1

**BESLUIT**

dkd

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering van 2 Februarie 2015 verwys word.

**8.19 VEILING: HYDROPONICS**
7/1/1

**BESLUIT**

dkd

8.19.1 Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering 2 Februarie 2015 verwys word.

8.19.2 Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste met die Sentraal Karoo Distriksmunisipaliteit in verbinding tree ten einde vas te stel wat die vordering met die Hydroponics is.

**8.20 ONTWIKKELINGSPLAN: AANSOEK OM DIE HUUR VAN JOHN GARLICK GEBOU TE NELSPOORT VIR OPLEIDING VAN GEMEENSKAP INWONERS IN MEGANIESE INGENIEURSWESE: MNR. KAYSTER**
7/1/4

**BESLUIT**

aa

Raadslid G de Vos, gesekondeer deur Raadslid AM Slabbert stel voor dat gegewe die feit dat mnr. Kayster oor erwe te Nelspoort beskik hy in kennis gestel word om die John Garlick gebou wat tans onwettig deur hom okkupeer word onmiddellik te ontruim.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

## 8.21 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERF 7413, GOODRICKSTRAAT: BEAUFORT-WES: VOORMALIGE PADVINDERSAAL

7/1/4; 7/3/4/1/3/1

**BESLUIT**

ba

8.21.1 Dat erf 7413 vanuit die oogpunt van openbare belang, synde dat ŉ kleuterskool op die eiendom gevestig is wat ŉ diens aan die gemeenskap van Beaufort-Wes lewer, teen maksimum 25% onder die markwaarde verkoop word onderhewig daaraan -

8.21.1.1 Dat die eiendom slegs vir ŉ kleuterskool aangewend mag word.

8.21.1.2 Dat ŉ terugvalklousule teen die eiendom ten gunste van die Munisipaliteit registreer word dat sou die eiendom ophou om as ŉ kleuterskool gebruik te word, dit aan die Munisipaliteit terugval op koste van die eienaar.

8.21.2 Voorts dat die uit hand uit verkoop van erf 7413 aan me. S.L. van Wyk (Vuurvliegies Kleuterskool) soos volg motiveer word aangesien die mening gehuldig word dat dit nie ŉ nuttige doel sal dien om die eiendom op die opemark aan te bied nie omrede:-

8.21.2.1 Erf 7413 reeds deur me. S.L. van Wyk gehuur word vir ŉ kleuterskool.

8.21.2.2 Me. S.L. van Wyk die eiendom van ŉ vervalle toestand tot ŉ bruikbare toestand herstel het.

8.21.2.3 Dat me. S.L. van Wyk reeds ŉ gevestigde nie-rassige kleuterskool tot voordeel van die totale gemeenskap van Beaufort-Wes vanaf die eiendom bedryf.

## 8.22 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERWE 219 en 220 MURRAYSBURG: WES-KAAPSE PROVINSIALE REGERING // BEAUFORT-WES MUNISIPALITEIT

7/3/3; 12/1/4

**BESLUIT**

ba

Dat die aanbod van die Departement van menslike Nedersettings vir die oordrag van erwe 219 en 220 Murraysburg, aanvaar word.

## 8.23 VERHURING VAN HANSRIVIER VIR WEIDINGSDOELEINDES: BEAUFORT-WES OPKOMENDE BOERE

7/3/4/1/1

**BESLUIT**

aa

8.23.1 Dat die Raad nie die weiveld te Hansrivier benodig vir die lewering van minimum vlak dienste nie.

8.23.2 Dat goedkeuring verleen word dat die weivelde te Hansrivier per openbare kennisgewing verhuur mag word vir ŉ periode van 3 (drie) jaar teen ŉ huurbedrag bepaal met inagneming van die roep van die armes en die Raad se Ontwikkelings agenda.

8.23.3 Dat die voornemende huurders opkomende boere moet wees.

8.23.4 Dat die voornemende huurders nog nooit vantevore enige finansiële hulp vanaf die Regering ontvang het ten einde landbougrond te bekom nie of deel was van 'n groep kleinboere, trust of familie wat vantevore subsidie of enige ander vorm van hulp ontvang het om landbougrond te bekom ontvang het nie.

8.23.4 Dat die Departement Landbou versoek word om die suksesvolle voornemende huurders van hulp te voorsien asook kleinboere / opkomende boere te Merweville en Murraysburg.

## 8.24 AANSOEK OM DIE HUUR VAN PERSEEL 6 BY DIE BEAUFORT-WES STEENVELDE: MNR R MINNIES

7/3/4/1/2/1

**BESLUIT**

aa

8.24.1 Dat goedkeuring verleen word dat perseel 6 aan mnr. R. Minnies vir 'n periode van drie (3) jaar teen 'n huurbedrag van R270.00 per maand verhuur mag word met die volgende voorwaardes:-

8.24.1.1 Dat die ontginning van klei bo die vol watervlak van die dam geskied.

8.24.1.2 Dat die nodige permit of kwytskelding bovermelde moet verkry word vanaf Departement Minerale en Energiesake vir die vervaardiging van kleistene op die perseel.

## 8.25 AANSOEK OM AANKOOP VAN GEDEELTE GROND TUSSEN ERF 143 EN DIE LYKSHUIS TE MERWEVILLE

7/3/4/1/3/1

**BESLUIT**

ba

8.25.1 Dat in beginsel goedkeuring verleen word vir die vervreemding van die gedeelte grond tussen erf 143 en die lykshuis te Merweville vir die doel van Residensiële Sone I tot IV.

8.25.2 Dat die gedeelte grond uit die hand uit per openbare kennisgewing te koop aangebied word.

8.25.3 Dat 'n waardasie op die eiendom uitgevoer word.

## 8.26 AANSOEK OM DIE AANKOOP VAN BESKIKBARE BESIGHEIDSERF TE KWA-MANDLENKOSI

7/3/4/1/3/1

**BESLUIT**

aa

8.26.1 Dat hierdie aangeleentheid oorstaan tot die eersvolgende vergadering van die Raad.

8.26.2 Dat die aansoek skrywe van die aansoeker by die item ingesluit word.

**8.27 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERF 751: MURRAYSBURG: AL SOPETE**
7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

dkd

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering van 2 Februarie 2015 verwys word.

**8.28 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERF 220: MERWEVILLE: F. KLINK**
7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

kk

8.28.1 Dat hierdie aangeleentheid oorstaan tot die eersvolgende Raadsvergadering ten einde Raadslid J Bostander geleentheid te gee om met die gemeenskap van Merweville te konsulteer.

ba

8.28.2 Dat 'n verslag van beskikbare woonerwe en besigheidserwe vir Merweville aan Raadslid J. Bostander voorsien word.

**8.29 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN VAKANTE WOONERWE: LANDE AREA**
7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring verleen word dat erwe 5122 en 5123 per openbare kennisgewing uit die hand uit teen markwaarde te koop aangebied word. Voorts dat erf 5102 nie verkoop word nie, maar hersoneer word na oopruimte sone vir die redes soos genoem in die voorlegging.

**8.30 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERF 3492: MYNHARDTSTRAAT 5: BEAUFORT-WES: T. FLOCKEN**
7/3/4/1/3/2

**AANBEVELING**

ba

Dat erf 3492 per openbare kennisgewing uit die hand te koop aangebied word teen markwaarde.

**8.31 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN VERSKEIE WOONERWE TE RUSTDENE**
7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

ba

8.31.1 Dat die aanbod van Me V.V. Mayakala vir erf 4488 ten bedrae van R20 000.00, BTW ingesluit, goedgekeur en aanvaar word.

8.31.2 Dat die aanbod van Me. J.G.E. Steenkamp vir erf 4474, Walesstraat ten bedrae van R21 000.000, BTW ingeluit, goedgekeur en aanvaar word.

8.31.3 Dat erf 4492 her-adverteer word.

**8.32 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERWE 398 EN 399: MURRAYSBURG**
7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan tot die eersvolgende Raadsvergadering.

**8.33 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERWE 196, 197 EN 198, MERWEVILLE**
7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan tot die eersvolgende Raadsvergadering.

**8.34 AANSOEK OM AANKOOP VAN 'n GEDEELTE VAN ERF 2858, ESSOPVILLE**
7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

ba

Dat weens die feit dat toegang tot die stormwaterarea asook onderhoud aan die rioolstelsel bemoeilik sal word indien die gedeelte van erf 2858 verkoop en bebou word, die versoek vir die aankoop van die gedeelte van erf 2858, nie goedgekeur word nie.

**ALDUS BESLUIT**

**8.35 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERF 760 KWA-MANDLENKOSI: PENTECOASTAL UPPER HALL OF SOUTH AFRICA**
7/3/4/1/3/4

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan tot die eersvolgende Raadsvergadering.

**8.36 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERF 225: LANGSTRAAT: MERWEVILLE: MNR. DMP JOACHIM**
7/3/4/1/3/4

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan tot die eersvolgende Raadsvergadering.

**8.37 AANSOEK OM KERKGROND: ERF 347: MURRAYSBURG: BLYE BOODSKAPPERS GEMEENTE**
7/3/4/1/3/4

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan tot die eersvolgende Raadsvergadering.

**8.38 AANSOEK OM DIE TOESTAAN VAN DIE VOORMALIGE KLEEDKAMERS OP DIE NIEUVELD PARK SPORTSGRONDE LANGS MANDELA SQUARE**
7/3/4/1/3/4

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan tot die eersvolgende Raadsvergadering.

**8.39 KENNISGEWING NO. 104/2014:VERKOOP VAN ERF: ERF 8980: BEAUFORT-WES**
7/3/4/1/3/4

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring verleen word dat erf 8980 aan die Profetiese Bediening toegeken word vir die bedrag van R21 000.00, BTW ingesluit, aangesien dit die hoogste aanbod is wat ontvang is.

**8.40 SCM: IMPLEMENTATION REPORT: 2013/2014: FINANCIAL YEAR**
8/1/1/2/3

**RESOLVED**

dkd

That the Supply Chain Management Monthly Implementation Report for 2013 / 2014 financial year, accepted and be approved.

**8.41 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT QUARTERLY IMPLEMENTATION REPORT: 2$^{nd}$ QUARTER: 01 OCTOBER 2014 – 31 DECEMBER 2014**
8/1/1/2/3

**RESOLVED**

dkd

That the Supply Chain Management Quarterly Implementation Report for the 2$^{nd}$ Quarter from 01 October 2014 – 31 December 2014, be approved and accepted.

**8.42 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT MONTHLY IMPLEMENTATION REPORTS: OCTOBER 2014 AND NOVEMBER 2014**
8/1/1/2/3

**RESOLVED**

dkd

That the Supply Chain Management Monthly Implementation Report for the 2$^{nd}$ Quarter from October 2014 and November 2014, be approved and accepted.

**8.43 NELSON MANDELA INTERNATIONAL DAY: 18 JULY 2015**
9/1

**RESOLVED**

dkd

That a committee be appointed which include the Director:  Corporate Services to draw-up a programme and identify projects for Mandela Day before end of May 2015.

**8.44 CIRCULAR 23/2014: GUIDING FRAMEWORK FOR DETERMINATION BY MUNICIPAL COUNCILS OF COST OF LIVING ADJUSTMENTS FOR SECTION 57 MANAGERS**
10/3/2/3/4

**NOTED**

**8.45 SALGA GOVERNANCE STRUCTURE AND ATTENDANCE AT SALGA MEETINGS: OCTOBER – DECEMBER 2014 (QUARTER 3)**
10/3/2/3/4

**NOTED**

**8.46 AANSOEK OM BORGSKAP: BEAUFORT-WES SKOU 2015**
10/3/3/3/3

**BESLUIT**

mb Dat goedkeuring aan die Munisipale Bestuurder verleen word om ondersoek in te stel om fondse te identifiseer waaruit 'n donasie aan die Beaufort-Wes Skou gemaak kan word. Voorts dat die Munisipale Bestuurder volgens sy diskresie die bedrag van die donasie bepaal na aanleiding van die beskikbare fondse.

**8.47 MINUTES: WESTERN CAPE MUNICIPAL SPEAKERS FORUM**
10/3/3/6/3

**NOTED**

**8.48 AANSOEK VIR DIE GEBRUIK / HUUR VAN GEBOUE BY DIE HYDROPONICS: MNR. M. PETERSEN**
10/3/3/5/12

**BESLUIT**

aa

Dat die aangeleentheid met betrekking tot die huur van geboue by die Hydroponics ontvang van mnr. M. Petersen van die agenda geskraap word.

**8.49 AANSOEK OM DRANKLISENSIE: ERF 5891, KEEROMSTRAAT 3, ESSOPVILLE: BEAUFORT-WES: BASS 88 SPORTS PUB**
11/3/2

**BESLUIT**

ba

Dat in die lig van die besware uit die gemeenskap ingevolge Artikel 37(4)(b)(iii) van die Wes-Kaapse Drankwet die aansoek vir 'n dranklisensie op erf 5891, nie ondersteun word nie.

**8.50 AANSOEK OM AFWYKING VAN DORPSAANLEGSKEMA: GEDEELTE 9 VAN PLAAS 265: VAN DER BYLS KRAAL: BEAUFORT-WES**
12/3/3

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring verleen word ingevolge Artikel 15(1)(a)(ii) vir 'n afwyking vir 'n leengroef op Gedeelte 9 van Plaas 265, Van der Byls Kraal, Beaufort-Wes onderworpe aan die volgende voorwaardes:

8.50.1. Dat tydelike verkeersborde geïnstalleer moet word vir die regulering van die verkeer.

8.50.2 Dat die grond gedeeltes op gereelde basis moet nat gemaak word om stof in die area te vermy.

8.50.3 Dat na die ontginningsproses van die leengroewe moet die grond so verwerk word dat die groef dien as ŉ wateropvangspunt.

**8.51 AANSOEKE OM AFWYKING VAN DORPSAANLEGSKEMA:**
**1. GEDEELTE 1 (Brakwater) van PLAAS 296, HOTTENTOTSRIVIER: BEAUFORT-WES**
**2. RESTANT van PLAAS 307, RIETKUIL: BEAUFORT-WES**
**3. GEDEELTE 7 van PLAAS 26, DRIEFONTEIN: MURRAYSBURG**
12/3/3

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring verleen word ingevolge Artikel 15(1)(a)(ii) vir die afwykings vir ŉ leengroewe op –

1. Gedeelte 1 (Brakwater) van Plaas 296, Hottentotsrivier: Beaufort-Wes
2. Restant van Plaas 307, Rietkuil: Beaufort-Wes
3. Gedeelte 7 van Plaas 26, Driefontein: Murraysburg

onderworpe aan die volgende voorwaardes:

1. Dat tydelike verkeersborde geïnstalleer moet word vir die regulering van die verkeer.

2. Dat die grond gedeeltes op gereelde basis moet nat gemaak word om stof in die area te vermy.

3. Dat na die ontginningsproses van die leengroewe moet die grond so verwerk word dat die groef dien as ŉ wateropvangspunt.

**8.52 AANSOEK OM HERSONERING: ERF 8403: NUWESTRAAT 7: BEAUFORT-WES: C. BEKKER**
12/4/4/2

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring ingevolge Artikel 16 van Ordonnansie 15 van 1985 verleen word vir die hersonering van erf 8403, Nuwestraat 7, Beaufort-Wes vanaf Residensiële Sone IV na Residensiële Sone III.

**8.53 ONTWIKKELING VAN ERF 2807: NAKOMING VAN BOUKLOUSULE: CORNERSTONE MINISTRIES**
12/4/6/2/1; 7/3/4/1/3/4

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan tot die eersvolgende Raadsvergadering.

**8.54 AANSOEK OM OORSKRYDING VAN ERFGRENS: ERF 2690: MURRAYSTRAAT 45: BEAUFORT-WES: J. DE VOS**
12/4/6/3/2

**BESLUIT**

ba

8.54.1 Dat goedkeuring verleen word vir die oorskryding van erfgrens erf 2690, Murraystraat met 1.5 meter.

8.54.2 Dat die standaard oorskrydingsooreenkoms met mnr. De Vos aangegaan word.

8.54.3 Dat 'n Landmeter die erfpenne moet uitwys.

**8.55 WATERDIENSTE ONTWIKKELINGSPLAN EN WATERDIENSTE OUDIT VERSLAG: 2013/2014 FINANSIëLE JAAR**
13/1/2/4

**BESLUIT**

ba

Dat die Waterdienste Ontwikkelingsplan en Waterdienste Ouditverslag vir die 2013/2014 Finansiële Jaar goedgekeur en aanvaar word.

**8.56 VOORLEGGING: I4 POWER: MNR. JANNIE MAJIED: INSTALLERING VAN SMART: METERS**
13/2/1

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan tot die eersvolgende Raadsvergadering.

**8.57 INSTEL VAN WATERBEPERKINGS**
13/2/1

**BESLUIT**

dkd

Dat die aangeleentheid oorstaan vir 'n vergadering waarvan die datum deur die Speaker bepaal sal word.

**8.58 KLEIN SKAAL KRAGOPWEKKING MET SONENERGIE: PRIVAAT HUISHOUDING: KOMMERSIëLE EN INDUSTRIëLE KRAGVERBRUIKERS**
13/2/5/3

**BESLUIT**

Dat die aangeleentheid met betrekking tot die klein skaal kragopwekking met sonenergie vir privaat huishoudings, kommersiële en industriële kragverbruikers na die relevante Staande Komitee van die Raad verwys word.

**8.59 SPOEDHOBBELS: NUWE PRODUK: DURA-BUMP**
13/3/1

**KENNIS GENEEM**

**8.60 HERSTEL VAN HUISE: PRINCE VALLEY**
14/11/3/1

**BESLUIT**

dkd

8.60.1 Dat die aangeleentheid met betrekking tot die herstel van huise in Prince Valley oorstaan tot ŉ datum wat deur die Speaker bepaal sal word.

8.60.2 Dat die herstel van wonings in totaliteit bespreek word en nie net gevalle vir Prince Valley nie.

**8.61 OORDRAG VAN WONING: ERF 214 SIDESAVIWA: N MBOLEKWA**
14/11/3/2

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring verleen word dat erf 214 op N Mbolekwa oorgedra word met die voorwaarde dat sy reëlings moet tref om alle munisipale agterstallige gelde te betaal.

**8.62 ELEKTRIFISERING VAN 367 EN 142 WONINGS**
14/11/3/2/28/1

**BESLUIT**

aa

Dat die spandering van die befondsing van die 132/22 substasie vir die elektrifisering van die 367 en 142 wonings kondoneer word.

**8.63 PROGRESS REPORT: YOUTH HUB**
14/17/1

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan tot die eersvolgende Raadsvergadering.

**8.64 ONDERSOEK: MNR. S. MOSES // MNR. JCL SMIT**
SP

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan tot die eersvolgende Raadsvergadering.

**8.65 NOTULE/VERSLAG VAN ‘n UITGEBREIDE BUITENGEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OP MAANDAG, 18 AUGUSTUS 2014**

**BESLUIT**

Dat die notule van ŉ Uitgebreide Buitengewone Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering wat op Maandag, 18 Augustus 2015 soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word.

**8.66 NOTULE/VERSLAG VAN DIE VERGADERING VAN DIE OUDITKOMITEE GEHOU OP 22 SEPTEMBER 2014**

**BESLUIT**

Dat die notule/verslag van die vergadering van die Ouditkomitee gehou op 22 September 2014 soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word.

**8.67 NOTULE/VERSLAG VAN ŉ VERGADERING VAN DIE STAANDE KOMITEE: KORPORATIEWE DIENSTE en SOSIALE ONTWIKKELING GEHOU OP WOENSDAG, 08 OKTOBER 2014**

**BESLUIT**

Dat die notule/verslag van ŉ vergadering van die Staande Komitee: Korporatiewe Dienste en Sosiale Ontwikkeling soos gehou op Woensdag, 08 Oktober 2014, soos gesirkuleer goedgekeur en aanvaar word.

**8.68 NOTULE/VERSLAG VAN ŉ SPESIALE VERGADERING VAN DIE STAANDE KOMITEE: KORPORATIEWE DIENSTE en SOSIALE ONTWIKKELING met PERSONEEL VAN VERSKEIE BIBLIOTEKE GEHOU OP MAANDAG, 13 OKTOBER 2014**

**BESLUIT**

Dat die notule/verslag van ŉ Spesiale vergadering van die Staande Komitee: Korporatiewe Dienste en Sosiale Ontwikkeling met Personeel van verskeie Biblioteke soos gehou op Maandag, 13 Oktober 2014, soos gesirkuleer goedgekeur en aanvaar word.

**8.69 NOTULE/VERSLAG VAN ŉ INFORMELE VERGADERING TUSSEN SAMWU EN DIE PLAASLIKE RAAD VIR BEAUFORT-WES GEHOU OP WOENSDAG, 22 OKTOBER 2014**

**BESLUIT**

Dat die notule/verslag van ŉ Informele vergadering tussen die SAMWU en die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op Woensdag, 22 Oktober 2014, soos gesirkuleer goedgekeur en aanvaar word.

**8.70 MINUTES OF the 2$^{ND}$ WORKSHOP: FINANCIAL TURNAROUND STRATEGY WHICH WAS HELD ON THURSDAY, 23 OCTOBER 2014**

**RESOLVED**

That the minutes of the 2$^{nd}$ Workshop of the Financial Turnaround Strategy which was held on Thursday, 23$^{rd}$ October 2014 as circulated, be accepted and approved.

**8.71 NOTULE VAN 'n VERGADERING VAN DIE STAANDE KOMITEE: FINANSIëLE DIENSTE EN ONTWIKKELING GEHOU OP MAANDAG, 10 NOVEMBER 2014**

**BESLUIT**

Dat die notule van 'n Vergadering van die Staande Komitee: Finansiële Dienste soos gehou op Maandag, 10 November 2014, soos gesirkuleer goedgekeur en aanvaar word.

**8.72 NOTULE VAN 'n VERGADERING VAN DIE STAANDE KOMITEE: KORPORATIEWE DIENSTE en SOSIALE ONTWIKKELING GEHOU OP DINSDAG, 11 NOVEMBER 2014**

**BESLUIT**

Dat die notule van 'n Vergadering van die Staande Komitee: Korporatiewe Dienste en Sosiale Ontwikkeling soos gehou op Dinsdag, 11 November 2015, soos gesirkuleer goedgekeur en aanvaar.

**8.73 NOTULE VAN 'n VERGADERING VAN DIE STAANDE KOMITEE: MUNISIPALE DIENSTE en INFRASTRUKTUUR GEHOU OP WOENSDAG, 12 NOVEMBER 2014**

**BESLUIT**

Dat die notule van 'n Vergadering van die Staande Komitee: Munisipale Dienste en Infrastruktuur soos gehou op Woensdag, 12 November 2014, soos gesirkuleer goedgekeur en aanvaar word met die uitsondering van item 22.

**8.74 MEDEDELINGS VAN DIE SPEAKER**
3/4/1

**KENNIS GENEEM**

**8.75 MEDEDELINGS VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEERSTER**
3/4/1

**KENNIS GENEEM**

**8.76 AANSOEK OM AFSKRYF VAN AGTERSTALLIGE SKULD: VERSKEIE**
5/13/1

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering van 2 Februarie 2015 verwys word.

**9. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN MOSIES**

**9.1 MOSIE: VASSTELLING VAN VERGOEDING VAN DIREKTEURE**
3/2/1/1

**BESLUIT**

dkd

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering van 2 Februarie 2015 verwys word.

**9.2 MOSIE: AFHANDELING VAN VERORDENING: VOORGESTELDE DRANKHANDELSURE**
3/2/1/1

**BESLUIT**

Dat die aangeleentheid as afgehandel beskou word omrede die Drankhandelsure verordening reeds in Desember 2014 afgekondig is.

**9.3 MOSIE: ONEFFEKTIWITEIT VAN VOERTUIGTOETSSTASIE**
3/2/1/1; 14/2/3

**BESLUIT**

dkd

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering van 2 Februarie 2015 verwys word.

**9.4 KENNISGEWING VAN REVISIE: HERNUWING VAN HUURKONTRAK: MOSTERT SKOEN BOETIEK: WINKEL Nr. 1: E.M. MOSTERT**
3/2/1/1; 7/1/4

**BESLUIT**

dkd

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering van 2 Februarie 2015 verwys word.

**9.5 KENNISGEWING VAN REVISIE: HERNUWING VAN HUURKONTRAK: MOSTERT UITRUSTERS: WINKEL Nr. 2: M.D. MOSTERT**
3/2/1/1; 7/1/4

**BESLUIT**

dkd

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering van 2 Februarie 2015 verwys word.

**9.6 NOTICE OF REMOVEAL OF DEPUTY MAYOR**
3/2/1/1

**RESOLVED**

dkd

That this item be referred to a Special Council meeting which will be held on Monday, 2 February 2015.

## 10. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN VRAE

### 10.1 VRAAG: BETROKKENHEID VAN TVS BY VERKEERSAKTIWITEITE VAN DIE RAAD

14/2/1

**BESLUIT**

dkd

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering van 2 Februarie 2015 verwys word.

## 11. OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES

**GEEN**

Die vergadering sluit om **15:10**.

Notule bekragtig hierdie _____ dag van _______________2015.

________________________________

SM Motsoane

**SPEAKER**